# GRONDWET VAN DIE MOSSELBAAI GRONDEIENAARS VERENIGING

## DOELSTELLING

**Die Mosselbaai Grondeienaars Vereniging stel dit ten doel om die karakter, natuurskoon en natuurlike hulpbronne binne die Munisipale Gebied van Mosselbaai te beskerm. Hierdie doelstelling sal in noue samewerking met alle Plaaslike Owerhede nagestreef word ten einde te verseker dat die beste belang van die gemeenskap bevorder en beskerm word. Die beste belang van die gemeenskap sluit in dat sake waarby die gemeenskap n wesenlike belang het op n deursigtige, ekonomies doeltreffende en verantwoordbare wyse hanteer word. Die Vereniging is vry van enige Politieke affiliasie.**

## 1. NAAM

**Mosselbaai Grondeienaaars Vereniging hierna verwys as die "MGEV".**

## 2. ADRES

**2.1 Die fisiese adres van "MGEV" is die fisiese woonadres van die verkose voorsitter soos aangedui op die tydstip van aansoek om akkreditasie by die Mosselbaai Munisipaliteit. Hierdie adres sal gewysig word in die geval van verandering in die bekleër van hierdie hoedanigheid.**

**2.2 Die posadres sal wees die adres wat tydens aansoek om akkreditasie verstrek word en sal na gelang van verandering in omstandighede gewysig word en moet die Mosselbaai Munisipaliteit dienooreenkomstig daarvan in kennis gestel word.**

**2.3 Elektroniese Posadres sal ooreenkomstig Par 2.2 hierbo aan die Mosselbaai Munisipaliteit verstrek word en in geval van wysiging daarvan sal die Mosselbaai Munisipaliteit dienooreenkomstig ingelig word.**

**2.4 Domiciliam Citandi et Executandi**

**Vir die betekening van formele skriftelike kennisgewings en ander relevante regsprosesstukke.**

**Die fisiese woonadres van die dienende Voorsitter.**

## 3. REGSPERSOONLIKHEID

**Die MGEV is n regspersoon ooreenkomstig die geldende juridiese betekenis daarvan. Die regspersoonlikheid van die MGEV verleen aan die MGEV die bevoegdheid om kontrak te sluit vir doeleindes van die bevordering van die belange en doelstellings van die MGEV soos vervat in die grondwet:**

- **Om eiendomsreg ten opsigte van roerende of onroerende sake te verkry**
- **Om in eie naam te litigeer alternatiewelik opdrag te gee dat litigasie namens die MGEV ingestel word.**

**4. BEDIENINGSGEBIED**

**Die afgebakende grense van die Mosselbaai Munisipaliteit waar Munisipale Dienste gelewer word soos op die dag van ondertekening van die MGEV grondwet groot 42.2 km².**

**5. LIDMAATSKAP**

**Lidmaatskap van die MGEV is onderhewig aan die volgende vereistes:-**

**5.1 NATUURLIKE PERSOON**

**5.1.1 die applikant moet 18 jaar en ouer wees**

**5.1.2 die applikant moet die geregistreerde eienaar van vaste eiendom in die Munisipale Gebied van Mosselbaai wees**

**5.1.3 die applikant moet n RSA burger wees**

**5.1.4 in die geval van die eienaar van vaste eiendom wat n Buitelandse burger is moet bewys gelewer word van reëlmatige en regsgeldige verblyf in die RSA soos gereguleer deur die Departement van Binnelandse Sake.**

**5.2 REGSPERSOON**

**Die volgende entiteite met regspersoonlikheid wat die geregistreerde eienaar van vaste eiendom in die Munisipale Gebied van Mosselbaai is kwalifiseer vir lidmaatskap.**

**5.2.1 Maatskappy**

**5.2.2 Vennootskap**

**5.2.3 Beslote Korporasie**

**5.2.4 Trust**

**5.2.5 Koöperatiewe Vereniging**

**5.2.6 Enige liggaam met regspersoonlikheid wat gelykwaardige doelstellings van MGEV nastreef.**

**5.3 Die kwalifikasie is daaraan onderhewig dat die aansoek deur n 2/3 meerderheid van die lede van die betrokke regspersoon goedgekeur is.**

**Skriftelike volmag aan die persoon wat namens regspersoon aansoek om lidmaatskap doen is n vereiste.**

**6. DISKWALIFIKASIE VIR LIDMAATSKAP**

**Die volgende persone word gediskwalifiseer om lidmaatskap van MGEV te verkry:-**

**6.1 Enige werknemer in diens van die Mosselbaai Munisipaliteit wat n Bestuurspos met Uitvoerende magte beklee.**

**6.2 Enige dienende Raadslid van die Munisipale Raad van Mosselbaai of Wyks-verteenwoordiger.**

**6.3 Alle Politieke Partye of enige strukture daarvan.**

**6.4 Eienaars wat lede van geheime organisasies is kan nie lede MGEV wees nie en alle politieke partye en organisasieaffiliasies relevant tot die MGEVmoet aan die MGEVbekend gemaak word.**

**7. STEMREG**

**7.1 Natuurlike persone en maatskappye sal sleg een stem in die MGEV hê ongeag hoeveel eiendomme daar in hierdie regspersone se name geregistreer is.**

**8. BEëINDIGING VAN LIDMAATSKAP**

**Die lidmaatskap van n lid word deur die Dagbestuur beëindig in die volgende omstandig hede**

- **Waar n lid se ledegeld vir langer as 3 (drie) kalender maande agterstallig is en na skriftelike aanmaning om te betaal steeds in verstek bly om die ledegeld op datum te bring.**
- **Waar n lid ophou om die eienaar van vaste eiendom te wees soos in par 5.1.2 vereis word, en of stemreg as kieser verloor ongeag die rede(s) daarvoor.**
- **Waar n lid nie die doelstellings van die MGEV bevorder nie en/of in stryd daarmee handel.**
- **Waar n lid deur gedrag die MGEV in onguns bring.**

**Die betrokke lid moet skriftelik deur die Sekretaris in kennis gestel word van die voorneme om lidmaatskap te beëindig en het die lid geleentheid om binne 14 werksdae skriftelik vertoë tot die Dagbestuur te rig, met vermelding van rede(s) waarom lidmaatskap nie beëindig behoort te word nie.**

**9. JAARLIKSE LEDEGELD**

**Ledegeld is R50.00 per vaste eiendom per jaar.**

**Ledegeld word jaarliks hersien en aangepas en moet tydens n Algemene Jaarvergadering goedgekeur word.**

**Jaarlikse ledegeld is betaalbaar voor of op die 31ste dag van Januarie van elke jaar by die Sekretaris.**

**10. BESTUUR**

**10.1 Tydens n Algemene Jaarvergadering word n Komitee van minstens 5(vyf) maar hoogstens 11(elf) lede verkies**

**10.2 Hierdie Komitee vorm die Dagbestuur van MGEV wat die dag tot dag sake van die MGEV hanteer en bestuur.**

**10.3 Uit die geledere van hierdie Komitee/Dagbestuur word persone tot die volgende ampte verkies.**

**10.3.1 Voorsitter**

**10.3.2 Onder-Voorsitter**

**10.3.3 Sekretaris**

**10.3.4 Tesourier**

**(Die verkiesing van n Onder-Voorsitter is opsioneel)**

**10.4 Ampstermyn … strek vanaf datum van verkiesing tot datum van volgende Algemene Jaarvergadering waartydens n nuwe Komitee verkies word en die onderskeie lede van die Dagbestuur verkies word.**

**10.5 Die Voorsitter van die Dagbestuur tree op as Voorsitter tydens Algemene Jaarvergaderings of spesiale Raadsvergadering, en in die alternatief die Onder-Voorsitter.**

**10.6 Indien die Voorsitter asook die Onder-Voorsitter nie beskikbaar is by enige vergadering, word n waarnemende Voorsitter deur die lede van die Komitee/Dagbestuur aangewys om by sodanige vergadering as waarnemende Voorsitter op te tree.**

**10.7 Indien daar n vakature in die bestuur ontstaan kan die Komitee/Dagbestuur n lid aanstel om sodanige vakature te vul en sal sodanige aanstelling slegs van krag wees tot die eerste Algemene Jaarvergadering.**

**10.8** **Die Komitee/Dagbestuur het die bevoegdheid om lede te ko-öpteer vir n bepaalde doel, en kan sub-komitees saamstel met n spesifieke mandaat. In al sodanige gevalle moet dit geskied uit die geledere van die MGEV en vir n bepaalde tydperk, maar hoogstens tot die volgende Algemene Jaarvergadering of na afhandeling van n bepaalde mandaat.**

**10.9** **Ten einde botsing van belange te voorkom mag enige lid van die Komitee/Dagbestuur of Sub-Komitee nie deelneem aan die bespreking van of stemming oor n bepaalde aangeleentheid waarby hy/sy n finansiële of sakebelang het nie en moet sodanige belang verklaar en moet aan verdere deelname en bespreking onttrek.**

**10.10** **Enige dienende lid op die Komitee is herverkiesbaar na afloop van sy termyn.**

**10.11** **Die Sekretaris moet n lede register byhou asook hul posadresse en kontak besonderhede.**

## 11. BEVOEGDHEDE VAN KOMITEE

**11.1** **Die opening van n bankrekening in die naam van MGEV in terme van n besluit geneem tydens n Algemene Jaarvergadering.**

**11.2** **Die administrasie van sodanige bankrekening in ooreenstemming met die riglyne wat tydens n Algemene Jaarvergadering neergelê word.**

**11.3** **Die belegging van Fondse van die MGEV by erkende en legitime Finansiële Instellings soos neergelê deur besluit van lede tydens n Algemene Jaarvergadering.**

**11.4** **Die sluiting van kontrakte namens MGEV ter bevordering van die belange van die MGEV.**

**11.5** **Sluiting van dienskontrakte met en vergoeding van werknemers/agente.**

**11.6** **Die instelling en die voer van litigasie in die naam van MGEV asook die aanstelling van n regsverteenwoordiger om namens MGEV litigasie in te stel of namens MGEV in regsaksies te verskyn.**

**11.7** **Die uitvoering van die bepalings soos vervat in Par 9.7 en 9.8 hierbo.**

**11.8** **Die vasstelling van Jaarlikse ledegeld vir voorlegging en goedkeuring deur Algemene Jaarvergadering.**

**11.9** **Die benoeming van n lid of lede van die Komitee/Dagbestuur om die MGEV te verteenwoordig by enige amptelike vergadering op uitnodiging van die Mosselbaai Munisipaliteit asook vergaderings van ander Gemeenskaps Organisasies met ooreenstemmende doelstellings as die MGEV.**

**11.10** **Die Komitee/Dagbestuur kan samesprekings voer met Raadslede van die Mosselbaai Munisipale Raad asook Wyksverteenwoordigers ten einde sake van gemeenskaplike belang te bespreek en verstandhoudings te bereik. Sodanige samesprekings vind plaas op versoek van die Voorsitter namens die Dagbestuur.**

## 12. KOMITEEVERGADERINGS

**12.1** **Die Komitee/Dagbestuur moet minstens een keer per maand vergader.**

**12.2** **Spesiale vergaderings kan op versoek van die Voorsitter belê word. In die alternatief deur die Onder-Voorsitter of op versoek van minstens drie Komitee lede.**

**12.3** **Die kworum by elke komiteevergadering is 50% van die komiteelede.**

**12.4** **n Komiteelid wat sonder n aanvaarbare verskoning afwesig is by twee agtereenvolgende komitee vergadering, se lidmaatskap van die komitee word opgeskort.**

**12.5** **n Besluit van die komitee vereis n meerderheid stem van die aanwesige lede. Slegs een stem per lid is toelaatbaar. In die geval van n staking van stemme het die Voorsitter die beslissende stem.**

**12.6** **Volledige notules van hierdie vergadering moet bygehou word.**

**13. VERKIESING VAN KOMITEE**

**13.1** **Komitee lede word tydens n Algemene Jaarvergadering verkies.**

**13.2** **Benoeming moet skriftelik gedoen word en moet ook skriftelik gesekondeer word.**

**13.3** **Benoemde kandidaat moet sodanige benoeming skriftelik aanvaar.**

**13.4** **Alle nominasies moet minstens 10 dae voor die datum van die Algemene Jaarvergadering ingedien word by die Sekretaris.**

**13.5** **Kandidate wat benoem word moet opbetaalde lede van die MGEV wees.**

**13.6** **Kandidate moet vry wees van enige belangebotsing met die MGEV hetsy as gevolg van kontrak sluiting met die Mosselbaai Munisipaliteit of enige ander vorm van verhouding wat n belangebotsing daarstel.**

**13.7** **Termyn om as lid van komitee te dien is hoogstens drie opeenvolgende jare. Na afloop van voormelde termyn kan sodanige lid weer verkies word na n onderbreking van een jaar.**

**14. FINANSIELE BESTUUR**

**14.1** **Paragrawe 10.1 ; 10.2 ; hierbo is mutatis mutandis onder hierdie afdeling van toepassing.**

**14.2** **Die Voorsitter en Tesourier is gesamentlik verantwoordelik vir die opening van n bankrekening en die finansiele bestuur van die fondse in sodanige bankrekening as gevolmagtigdes met tekenregte.**

**14.3** **Die administratiewe bestuurder moet alle betalings inisieer waarna minstens twee bestuurslede die betaling moet goedkeur.**

**14.4** **Ontvangs van alle kontant gelde benewens ledegelde moet deur middel van n skriftelike kwitansie erken word. Bankoorplasings sal voldoende bewys van betaling wees.**

**14.5** **Alle betalings namens MGEV moet gestaaf word deur dokumentêre bewys waarin die aard en omvang van die gelewerde diens gereflekteer word tesame met ander stawende dokumente.**

**14.6** **Alle rekenkundige rekords moet deur die Sekretaris bygehou en bewaar word vir oudit doeleindes en vir n periode van minstens 3 jaar ooreenkomstig die bepalings van die Verjaringswet.**

**14.7** **n Bevoegde persoon of instansie moet deur die Dagbestuur aangewys word vir uitvoering van oudit van finansiële state.**

**14.8** **Die Finansiële Jaar strek vanaf 1 Maart tot 28/29 Februarie van elke jaar.**

**14.9** **Ge-ouditeerde finansiële state moet tydens die Algemene Jaarvergadering vir goedkeuring voorgelê word**

**15. ALGEMENE VERGADERINGS**

**15.1** **Algemene Jaarvergadering (AJV)**

**15.1.1** **Die AJV van die MGEV moet gehou word binne drie maande na afsluiting van die finansiële jaar.**

**15.1.2** **n Kennisgewing van die datum, tyd en plek van die AJV, tesame met n Agenda vir die vergadering, moet binne 21 (een-en-twintig) dae voor die geskeduleerde vergadering aan alle lede gestuur word. Die hou van die vergadering kan ook in die pers en/of op so n ander wyse geadverteer word as wat die Komitee goeddink.**

**15.1.3** **20% (twintig) van die lede van die MGEV sal n kworum vorm by n AJV. As daar geen kworum is nie, kan die vergadering nie voortgaan nie, en n alternatiewe datum moet vasgestel word. Die Komitee sal in hul onderskeie ampte aanbly totdat n AJV gehou kan word.**

**15.1.4** **In die geval waar die AJV weens nie voldoening aan kworum vereistes vir twee (2) agter-een-volgende geskeduleerde vergaderings kon voortgaan nie, sal die Dagbestuur alternatiewe maatreëls moet tref om hierdie gebrek te oorkom.**

**15.1.5** **Die notule van die vorige Algemene Jaarvergadering moet aan die vergadering voorgelê word vir goedkeuring. Die Voorsitter moet n jaarverslag voorlê asook die finansiële jaarstate van voorafgaande jaar vir oorweging en goedkeuring deur die AJV. Die notule, jaarverslag en finansiële state moet ter insae beskikbaar wees voor datum waarop die vergadering geskeduleer is.**

**15.1.6** **In die geval waar die finansiële jaarstate nie deur die aanwesige lede aanvaar word nie, moet dit vir oudit doeleindes na n ouditeur verwys word.**

**15.2 SPESIALE ALGEMENE VERGADERINGS (SAV)**

**15.2.1** **n SAV vergadering van lede kan te eniger tyd byeengeroep word deur die Komitee of op skriftelike versoek van minstens 10 (tien) lede wat sodanige versoek moet onderteken.**

**15.2.2** **Kennis van die datum, tyd en plek van die SAV asook die spesifieke aangeleentheid wat bespreek moet word moet ten minste 14 (veertien) dae voor die datum waarop sodanige vergadering gehou sal word, gegee word. Wyse van kennisgewing in diskresie van die Komitee.**

**15.2.3** **n Kworum van 20% (twintig) lede van MGEV word vereis. Indien daar nie n kworum is nie, kan vergadering nie voortgaan nie, waarna dit uitgestel word vir ten minste een (1) week en word beskou as n uitgestelde SAV.**

**15.2.4** **Die Sakelys van SAV word beperk tot sodanige aangeleenthede as dit waarvoor vergadering belê is.**

**15.3 Gemeenskaps Vergadering**

**15.3.1** **Die Komitee moet ten minste een keer per kwartaal (elke 3 maande) maar verkieslik en waar moontlik elke maand 'n Gemeenskaps vergadering hou waar die gemeenskap ingelig word van die werksaamhede van die MGEV. Kennisgewing van datum, tyd en plek van Gemeenskaps vergadering, moet geskied 21 dae voor datum van geskeduleerde vergadering en geskied kennisgewing van sodanige vergadering deur middel van publikasie van kennisgewing in die Plaaslike Koerant en/of per e-pos aan die gemeenskap.**

**16. BEëINDIGING VAN LIDMAATSKAP OF UITVOERENDE KOMITEE LID**

**16.1** **Die Dagbestuur kan die lidmaatskap beëindig van enige lid wat nie meer voldoen aan die vereistes vir lidmaatskap nie, n belangebotsing met die MGEV het, of waarvan die ledegeld 3 kalender maande agterstallig is.**

**16.2** **n Lid van die Uitvoerende Komitee hou op om die amp te beklee, indien die lid skriftelik bedank het.**

**17. WYSIGING VAN DIE GRONDWET**

**17.1** **Enige lid wat n wysiging aan die Grondwet voorstel moet n gemotiveerde voorstel skriftelik by die Sekretaris indien, nie later as 30 (dertig) dae voor n Algemene Jaarvergadering. Sodanige voorstel moet deur minstens 3 (drie) ander lede skriftelik gesekondeer word.**

**17.2** **Die voorstel om te wysig sal slegs ter tafel gelê word mits die Voorsteller en minstens een van die sekondante vir die voorstel teenwoordig is by die AJV /SAV wat vir daardie doel byeengeroep is. Die wysiging van die Grondwet sal slegs kan geskied na aanvaarding daarvan deur minstens twee-derdes van lede teenwoordig by AJV of by die SAV wat vir daardie doel byeengeroep is.**

**18. OPENBARE UITSPRAKE EN KORRESPONDENSIE**

**18.1** **Openbare uitsprake kan slegs gemaak word deur n lid van die Komitee wat behoorlik daartoe gemagtig is.**

**18.2** **Korrespondensie namens die MGEV geskied op die amptelike briefhoof en word onderteken deur die Voorsitter of sy gevolmagtigde.**

**19. ONTBINDING**

**19.1** **Die MGEV word ontbind ingevolge n besluit van minstens twee derde meerderheid van die lede aanwesig by die AJV.**

**19.2** **Dit geskied na kennisgewing van n mosie vir die ontbinding van die MGEV.**

**19.3** **Na ontbinding van die MGEV word alle bates deur middel van skenking aan n organisasie met soortgelyke oogmerke as die MGEV of aan n plaaslike geregistreerde liefdadigheids organisasie oorgedra.**

**Onderteken deur die Stigterslede van die MGEV op hede 29ste dag Van Oktober 2022 te Hartenbos .**

| | |
|---|---|
| ...................................... | ...................................... |
| Johan Gräbe | Nico de Kock |
| **Voorsitter** | **Onder Voorsitter** |
| ...................................... | ...................................... |
| Brigit Maritz | Jody Klue |
| **Bestuur** | **Bestuur** |

......................................

Phillip Vermaak

**Bestuur**